**<u>24 Mei 2026</u>**

**<u>Aand diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 18:1,2,3; Ps. 31:1,13; Skr 28(b)

**<u>Lees:</u>** Psalm 141; Son 45.

**<u>Teks:</u>** Psalm 141:2; Son 45.

**<u>Tema:</u> Ons moet reg tot God bid omdat dit die belangrikste deel van ons dankbaarheid is**

***Hoekom ons moet bid.***

In die Kategismus word die inhoud van ons belydenis, die inhoud van God se wet en die inhoud van die Onse Vader gebed behandel. Die behandeling van die gebed is eindelik die hoogtepunt aan die einde van dit wat ons bely. Ons leer wat ons glo ons leer hoe om in die geloof te lewe en ons leer hoe om deur die gebed in die geloof te volhard. Dit is die belangrikste deel van ons dankbaarheid vir die verlossing wat die Here aan ons gegee het. Die gebed is nie ‘n opsie wat ons kan uitleef of nie, maar ‘n verpligting.

***Hoe ons moet bid.***

In ons belydenis word drie eienskappe van die opregte gebed van die gelowiges gegee. Die eerste is dat die ware gebed moet die enige ware God aanroep soos Hy Homself in sy Woord openbaar het. In die tweede plek moet die opregte gebed spruit uit die wete dat ons in alles van die Here afhanklik is juis omdat ons swak en ellendig is. Om te bid is nie bloot die uitspreek van wense nie, maar dit is die erkenning van ons eie swakheid. In die derde plek moet die gebed uitgespreek word in ware geloof, met die sekerheid dat dit om Christus ontwil verhoor word.

***Wat ons moet bid.***

Tog is gebed nie maar net woorde wat ons hier in ons gedagte sê nie. Ons kan inderdaad alles van die Here bid, maar ons moet tog ook volgens die voorbeeld van Christus bid. Sy dissipels het Hom gevra om hulle te leer om te bid en hy het aan hulle die onse Vader geleer. Dit beteken egter nie dat ons altyd net die onse Vader moet bid nie, maar in hierdie ses bedes word die omvang van al ons gebede verwoord. Die uiteinde is dat ons alle geestelike en liggaamlike behoeftes voor die aangesig van die Here kan en moet bring.